

<u>VOORGESKREWE AFRIKAANSE GEDIGTE:</u> (KIES 1 VAN DIE 3 VOORBEELDE PER GRAAD)	
<p><u>GRAAD R – SEUNS & DOGTERS:</u> ’N WALVIS IN MY SOP Deur Jaco Jacobs</p> <p>“Aarde toggie, roep die kok- Daar’s ’n walvis in my sop!” Ek skep hom met my lepel uit en dis toe hy my sopnat spuit</p>	<p><u>GRAAD R – SEUNS & DOGTERS:</u> Die Towerwoord Deur Tanya Joubert Pa sê: “Moenie. ” Ma sê: “Maggie. ” Oupa wys: “Nee” Ouma sug: “Nooit” Boetie gil: “Los!” Sussie raas: “Weg dra!” Ek vra: “Asseblief?” En almal sê: “Ja!”</p>
<p><u>GRAAD R – SEUNS & DOGTERS:</u> HAAIE Deur Jaco Jacobs</p> <p>Haaie is vriendelik Haaie is gaaf Haaie is boonop so beskaaf Hul vra beleefd ’ag, asseblief tog’ Vreet jou op en sê ’askies tog’</p>	<p><u>GRAAD 1 – SEUNS & DOGTERS:</u> Weeksdae Deur Carine Wasserman</p> <p>Maandae kom met ’n groot skok Dinsdae ry my pa sy trok Woensdae is dit brood en sop Donderdae speel sussie pop Vrydae sal niemand haat Saterdag kuier ek by ’n maat Sondag is dit lekker rus Dan het ons weer lewenslus!</p>
<p><u>GRAAD 1 – SEUNS & DOGTERS:</u> In die tuin Deur Johanna Lourens</p> <p>Blommetjie blou, met jou tjalie van dou, hoe het jy dit deur die lang nag gehou?</p> <p>Blommetjie rooi, jy’s so opgetooi, wie’t jou vertel jy lyk tog so mooi?</p> <p>Blommetjie geel, het ek my verbeel ’n feetjie het nou oor jou blaartjies gestreel?</p>	<p><u>GRAAD 1 – SEUNS & DOGTERS:</u> Gogga Deur Annemari Coetser</p> <p>Kakkerlak of kokkerot, daar val ’n gogga in die pot. Haal hom uit of maak hom gaar, oe, pasop of ek word naar! Kakkerlak of kokkerot, gogga swem nou in die pot.</p>
<p><u>GRAAD 2 – SEUNS & DOGTERS:</u> Lekker eet! Deur Nicci Thabo</p> <p>Pampoen vir die brein Wortels laat die hare skyn Appels somer twee ’n dag laat vir seker die tandarts wag.</p> <p>Groente is goed, Ma sê dis ’n moet al kos dit soms baklei om dit in my keel af te kry!</p>	<p><u>GRAAD 2 – SEUNS & DOGTERS:</u> Lekkerbek Deur Francois Bloemhof</p> <p>Ma is aan die koekies bak, ek hoor haar sing in die kombuis. Geure wat jou mal kan maak, hang oral in ons huis.</p> <p>Koekies wat so knars en kraak, jy wil somer net versluk. As daardie koekies nou eers gaar is, staan my maag weer trommeldik.</p>

<p><u>GRAAD 2 – SEUNS & DOGTERS:</u> Hartseer Deur Zanne Bosman</p> <p>Verlang is seer, dit pyn en dit steek. As jy daaroor stilbly, sal niemand dit weet.</p> <p>Begin liever huil en vertel vir Ma of Pa. Die pyn word soveel minder as jy vir iemand sê wat pla.</p>	<p><u>GRAAD 3 – SEUNS & DOGTERS:</u> Vetertjie Deur Theresa van Baalen</p> <p>Vetertjie, vetertjie, vas aan my skoen ek wens ek't geweet wat om te doen ek wens ek't geweet hoe om te maak om te keer dat jy alewig los raak.</p> <p>Ek bind tog so mooi jou spaghetti-lyf en trek daarna die strikkietjie styf. Maar as ek weer kyk, ag toggie, o nee, sleep jy hier langs my met elke tree!</p>
<p><u>GRAAD 3 – SEUNS & DOGTERS:</u> Kabouter se mouter Deur Marie Cronje</p> <p>Kosie se mouter staan by die hek. “Wie gaan saam? Daar’s nog plek!”</p> <p>Waarheen is die rit?” van Miempie Muis. “Na ’n ver, ver plek weg van die huis.”</p> <p>“Ek gaan saam, Kosie Kabouter!” “Klim maar in, ons ry met my mouter.”</p> <p>“Brrm-brmm-brimm, toet-toet-toet Kom gou, kom gou, bring jou goed!”</p> <p>Doer trek nou die mouter Met muis en ’n kabouter.</p>	<p><u>GRAAD 3 – SEUNS & DOGTERS:</u> Die beste, beste oupa sal ek wees! Deur Tania du Toit</p> <p>Die beste, beste oupa sal ek wees – net soos myne. En altyd tyd maak op horlosies vir kinders wat wil boeke lees of feetjies vang in tuine.</p> <p>Want nou met my oupa so ver weg – en hy was nét myne – het niemand tyd op hul horlosies vir kinders nie. Dis baie sleg. Ek sal die beste oupa wees - soos myne.</p>
<p><u>GRAAD 4 – SEUNS & DOGTERS:</u> 'n Tingeling-ding Deur Francois Bloemhof</p> <p>Die donkie is 'n wonderlike ding en 'n padda is 'n ding wat spring. Maar niemand weet – of het hulle vergeet? – van die dier genaamd Tingeling.</p> <p>Tingeling kan sy oor met sy tong raak. Hy kan almal wat dapper is bang maak. As 'n kat se stert brand of daar's fout in die land, kan jy weet Tingeling is die oorsaak.</p> <p>Kyk, hy draai sy lyf net soos 'n 6, dan verdwyn hy voor jy kan sê: "Mes!" Elke dag gee dié dier my net pret en plesier. En snags lê hy en slaap in sy nes.</p>	<p><u>GRAAD 4 – SEUNS & DOGTERS:</u> Kindergebed Deur Peet Neethling</p> <p>Ek is 'n kindjie klein Jesus maak my hartjie rein maak my albasters baie word 'n klomp meer tjiipse op my bord maak Ma nie meer spinasie kook en somer kool en wortels ook maak Pa vir my 'n storie lees Wolf en Jakkals, nie Bosegees maak Ou Freek se been weer heel lat hy weer tol met my kan speel maak my nie meer my bed natmaak nou's ek vaak Amen. EKSKUUS? 'seblief! ~</p>

<p><u>GRAAD 4 – SEUNS & DOGTERS:</u> Klein Woutertjie se boepens Deur Elizabeth Wasserman</p> <p>Klein Woutertjie se boepens is vet en bol soos deeg. En steeds kla hy aanhoudend, want sy magie voel nog leeg.</p> <p>Hy hou boonop die meeste van tjoklits en van koek. En daarom sit sy boudjies so styf in sy denimbroek.</p> <p>Mamma se: "Kom, eet jou groente, dit maak jou groot en sterk!" Maar Wouter reken groente kou, is 'n vervelige werk.</p> <p>Hy hou meer van lekkers wat wegsmelt in die mond. En daarom is klein Wouter so spekvet en koeëlronde!</p>	<p><u>GRAAD 5 – SEUNS & DOGTERS:</u> Monstermoles Deur Albi Prinsloo</p> <p>Sproetgesig klein Faan met sy Batman-klere aan voel alte selfvoldaan: al die monsters wat saans skuil onder sy bed en hom laat huil gaan hy met sy swaard verslaan!</p> <p>Met 'n boem bam doef daf draf hy gou dié skurke kaf. Maar o aarde, keer! Kyk nou wat het gebeur: Faan het sy toon beseer en sy matras is verrinneweer.</p> <p>Voor jy tot tien kan tel het sproetgesig klein Faan 'n slimme plan beraam: hy moet net gou vir Pappa bel (op sy nuwe tjoklit-sel) voor Kleinsus eerste vir Mamma vertel!</p>
<p><u>GRAAD 5 – SEUNS & DOGTERS:</u> Kriekerasie Deur Pat Scott</p> <p>Kriekerasie ... jou dierasie! As ek net weet waar jy is, dan is jy dood, gewis! Die hele lieue nag is jy aan't kriek-tjier-tjier. Waar kruip jy weg? Is jy daar of hier? Ek soek agter die kas langs die klavier, maar as ek naby kom, is jy skielik stom. En draai ek om, begin jy weer. Aan jou is daar geen keer! Dit skree, dit skrei, dit dryf my heel tot raserny! Ek is so moeg, ek wil graag slaap. My oë brand, ek bly aan't gaap. Kan jy nie ophou rasië, jou nare kriekdiërasie?</p>	<p><u>GRAAD 5 – SEUNS & DOGTERS:</u> As niemand kyk nie ... Deur Helena Wasserman</p> <p>Meneer De Beer skil netjies 'n peer en eet graag kabeljou. Maar as niemand vir hom kyk nie, sal hy sommer oopmond kou.</p> <p>Mejuffrou Louw pronk soos 'n pou, hou van haar lippies tuit. Maar as niemand vir haar kyk nie, steek sy haar tong lank uit.</p> <p>Tannie Meraai is verskriklik kwaai en het 'n stywe nek. Maar as niemand vir haar kyk nie, trek sy graag skewebeek.</p> <p>Ek klouter en klim en hou my slim, ek raas en woed en vat Boetie se goed. Maar as niemand vir my kyk nie . . . is ek rêrigwaarstroopsoet!</p>

<p><u>GRAAD 6 – SEUNS & DOGTERS:</u> dertien en 'n pyn Deur Adri Troskie-Vivier</p> <p>my suster is dertien my suster is 'n pyn my grootste enkele wens: dat sy van die aardbol moet verdwyn</p> <p>sy't mos nou gearriveer sy's mos nou vééslik groot praat net oor ouens en diëte en skel my uit vir dood</p> <p>kou wortels nes 'n tweetandhaas sê alle koek en swiets maak vet nee-nee vir botter en roomgeel kaas dra stywe klere met duur etiket</p> <p>sluit haar dagboek én haar deur begeer 'n tongring en boob tattoo snork as Ma praat oor studeer dreig met taptoe dans in Timboektoe</p> <p>dertien en tog só dramaties sy's 'n pyn, my suster, glo my vry maar as ek moet kies moet sy ... nou ja ... vir altyd by ons bly</p>	<p><u>GRAAD 6 – SEUNS & DOGTERS:</u> My droomplaas Deur Gerr Cruywagen</p> <p>Daar is krieke met lirieke en 'n gompou sonder vrou. Daar's sysies met mooi wysies en ramme wat van kamme hou.</p> <p>Daar's 'n vlinder wat graag skinder en 'n gans wat heeldag dans. Die mossies kook lekker kossies, en met elke kans praat die eende Frans.</p> <p>Daar is bulle met die mooiste krulle en geen vlooie op die hond, ou Rooie. Die varke bly in grasgroen parke, en al die ooie is sonder plooië.</p> <p>Daar's 'n merrie wat hou van kerrie, en 'n kalkoen met net een skoen. Daar's bokke met klokke wat vaar op 'n vlot, en 'n kalfie wat hou van soen.</p> <p>Ek leef soos 'n koning en eet koeke heuning. Soos die mooiste paleis is my huis. Ek hoef nooit te werk nie of my te vererg nie, want daar's sakke vol geld in my kluis.</p>
<p><u>GRAAD 6 – SEUNS & DOGTERS:</u> Beste Maat Deur Albè Bester Treurnicht</p> <p>binne my voel ek klein bewerig en bietjie bang kom speel tog weer met my ek begin klaar na jou verlang</p> <p>wegkruipertjie en wag-'n-bietjie-bos sê my waar ek nou weer is luister na musiek saam met jou maak dinge diep in my los</p> <p>môre klim ons tot by die weerhaan wat hom so geesdrigtig swaai maak somme met draad in die stof eet koek vol icing gelaai</p> <p>somer en son rondom my ek dink nooit aan die nag ons hardloop en spring en droom want by jou kan ek altyd lag</p>	<p><u>GRAAD 7 – SEUNS & DOGTERS</u> Die beste pa Deur Adri Troskie Vivier</p> <p>Slimkop menere Stephanus, Marthinusen Hermanus stry wiese pa's die beste van die Kaap tot die Noordweste.</p> <p>Hermanus se pa is advokaat wat help met belangrikeraad en daad. Oor kontrakte, testamenten ou dokumente skryf hylang en geleerde argumente.</p> <p>Stephanus sepa ismediese praktisyn Hy kyk na elke soort klagte en pyn. Been-af, blou-oog, taai truffeltong, maagkramp,skoolsieken ontsteektelont.</p> <p>Neewat,sê Marthinus deWaal, Julle pa's klink vir my maar doodgewoon vaal. Advokate en dokters, prokureurs en ingenieurs, ek meen dis 'n lewevir blote amateurs.</p> <p>Want my pa ... Nou ja ... My pa is 'n takhaar uit die hippiejare 'n longboard-branderplankryer 'n cruising Harley-Davidson-vryer 'n punk band (lead singer) leier wat alle gewone jobs weier hy rock-'n-roll en boy oh boy, kan hy vir jou 'n heuprol gooi!</p>

GRAAD 7 – SEUNS & DOGTERS**Susarah kla****Deur Adri Troskie-Vivier**

"Ekdink nie dis fair en square ..."

"Ja,Susarah,"vra Ma,

"en wat is dit wat dié keer pla?"

"Ekhet g'n -soos almal-'nau pair!"

"Dis hoekom ek tuis bly,Susarah."

"Ek dink Mamoet nou 'n regte job kry en mindermet my en die molle stry.

Maar dis glad nie al wat pla ...

"Ek het ook g'n shauffeur wat my rondry

in 'n cute karretjie met 'n afslaankap.

Ek het nog nie in Parys of Milaan rondgestap

óf 'n outfit van Errol of Gert gekry.

"En hoekom is my naam Su-sa-rah

en nie Jacqui, Ruby of Shelainne?

My naam is lame, dit gee my 'n pyn,

ek gaan dadelik 'n nuwe ID vra!

"Ma weet, PG13 is so passé

en my baby fat maak my genuine stress,

ek móét net aansluit by Weigh-Less

en 'n sel mét kamera en internet kry!"

"Wat van die maan? Of Tom Cruise op Robbeneiland?

Jy kyk flielik, jy't Cell C en Bloubergstrand!

Wanneer sal Susarah ophou bla-bla kla?"

"Sjoe, Ma! Relax, Ma! Ek't maar net gevra!"

GRAAD 7 – SEUNS & DOGTERS**Monsterpartytjie****Deur Annemari Coetser**

Daar's 'n monsterpartytjie

op oom Piet se plaas,

elke gogga en geitjie

wil grootpraat en raas.

'n Benerige geraamte

is heel uit sy humeur

en 'n wit spookgedaante

loop dwarsdeur die deur.

'n Besete kadawer

jaag 'n afbeen-kind,

eet 'n bloedrooi papawer

en foeeps in die wind.

Daar's 'n haan met 'n houding,

ag hemel behoed!

Hy pronk rond soos 'n skouding

en skiet wie hom groet.

Dis moord en dis oorlog

in oom Piet se huis,

elke grynsende gedrog

lê in met die vuis.

Dis 'n aaklige storie,

die toekoms lyk sleg,

by my goeie gedorie:

bly liewer daar weg!

GRAAD 8 – SEUNS & DOGTERS:**Kabouterliefde****Deur Ingrid Jonker**

Die kabouter met die rooi-rooi pet

die kabouter met die geel hemp aan

het sy hart gistraand vir my gegee

en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug

het kadoemps op die grond geval

hy't dit blink-blou in sy hand gerol

toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte

het geknipoog toe ons lag

hul't rondom ons in 'n kring getrek

soos 'n laerin die nag

Die aandblom het sy trom-trompet

geblaas in die warrelwindkring

die kalkoentjies met hul rooi mondjies

het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie

het gaan plat lê op sy rug

hy't gaan slaap by die gousblomme

met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart

het dit self vir my gesê

hy't die aardbol oor sy kop gegooi

o dis hier waar die liefde lê

GRAAD 8 – SEUNS & DOGTERS:**word 'n vlermuis****Deur Antjie Krog**

dink jy feetjiesis laf, dwergies is boring

en elfies sommer net 'npot kaf?

dan's jy reg om 'n regte vlêrmuiste word vannag

gaan staan nou onder 'n groot perskeboom

en sê báie sag: "vlermuis vlermuisbotter

en brood-maakmy seblief soosjoueie kind groot

en hups! onderstebo aan 'n tak hang jy

eers dronkerig,swaaierig ...maar dan voel jy

hoe radar infrarooiuit jou ore gly

hoe 'nweb aan jou vingersvlies

hoe 'nklammergeekstra vel

jou armssoos vlerke teen joulyf aan knel

jouduimword 'n hakie, jou borskas

harig en grys. jy kry ook tandjies

wat jy klik-klaksaan die wêreld wys

dan laat jylos! jy vlieg en verorber

sewehonderden vyftig muskiete

terwyl jy geluidloos swiep deur die donker

ja! jy'sbáás van die nag en by die huis bly almal wonder:

"waarom is dié kind van ons dan nie meer bang vir die donker?"

<p><u>GRAAD 8 – SEUNS & DOGTERS:</u> BEGIN SOMER Deur Ingrid Jonker Begin somer en die see 'n oopgebreekte kweper die lug soos 'n kind se ballon ver bo die water Onder die gordyne soos gestreepte lekkergoed miere van mense en die gul lag van die baai het goue tande Kind met die geel emmertjie en die vergete vlegsels Jou mond is sekerlik 'n klokkie kleintongetjie klepeltjie Jy bespreek die son daglank soos 'n ukelele 'A beetle-house and Alexander Beetle coming out!'</p>	<p><u>GRAAD 9 – SEUNS & DOGTERS:</u> Protes teen Kersfees Deur Lina Spies Ek gaan my koes hou hierdie Kersfees: horende doof vir "Stille nag" in supermarkte, siende blind vir wattesneeu teen vensterrame. Die sluipende ou heer met sy rooi mantel en wit baard gaan ek vermy. Ek gaan na ons nagtelike somerhemel kyk en my voorstel hoe het die ster bokant die stal gelyk. Ek gaan my ore toestop vir die geklingel van sleeklokkies om te kan luister hoe die engele sing. Ek wil my vasklem aan die krip omdat ek só kan vasgryp aan die kruis: koningshulde - wierook, mirre, goud – uiteindelike geselslae, doringkroon, vloekhout.</p>
<p><u>GRAAD 9 – SEUNS & DOGTERS:</u> Omdat Antjie Krog</p> <p>My maer hande steek vir jou 'n kers aan omdat jy my maat geword het toe ek na 'n kwartaal nog somber alleen tussen die ander sit, omdat jy my pouses uit die biblioteek kom haal om saam liedjies te sing in die saal, omdat jy my maat bly t.s.v. my skilferhemp en nylontrui omdat jy lief vir my geword het en my selfs vashou teen jou bors t.s.v. my dimpelbene en die ryp puisies wat op my wange kors.</p> <p>My kers brand omdat jy kaalvoet saam met my deur die dorp loop en wag as ek iets in 'n supermark koop omdat jy pouses vir my brood gee, smiddae vir my wiskunde verduidelik en soms oor my skoon hare vee</p> <p>omdat jy my maat is en so daarin berus al skinder almal oor jy 'n seun en ek 'n meisie is omdat jy verstaan as ek weg van jou kring en agter die gordyne kruip as jy operette sing.</p> <p>Kyk hoe bewe my kers nou hy sê dankie en hy bid vir jou.</p>	<p><u>GRAAD 9 – SEUNS & DOGTERS:</u> Oppie parara Deur Adam Small Please mêmim kamaan smile kyk net ons tentjies is vol happiness gapaail ag hoe lyk die mêmim dan so suur foei foei is die lewe dan asyn en waar koep die mêmim dit lyk's nogal boenop duur nai, mêmim toe, toe smile kyk daar ons tentjies is vol happiness gapaail Die witvrou kannie lag en sy beveel: ek wil niks hê nie, die koelie streng-formeel Ma' mêmim, pô-pô, pô-pô en banana en juicy drywe yt die hartjie van die Kanaän of hoe fancy die mêmim so 'n vy kyk net hoe uitgaswel is hy van bo tot onner ytgady moenie blush nie mêmim ons het die blaar daarby of miskien Ek wil niks hê nie hoor! Ma' mêmim Ek wil niks hê nie hoor! Ma' mêmim Jou, jou koelie ek sal nou die polisie! Die vrugtevent se stem trek agterna polisie, polisie? ag nai mêmim, moet nou nie so spiteful wies nie sê tog decently goodbye raai die kaalgat perskes blow nog vi' mêmim kissy Die blanke vrou stâp oor die parade klipitie-klap klipitie-klap Haai mêmim haai sure mêmim wil nie try onse guavas ons guarantee hulle mêmim hulle's baie goed vi' die nerves!</p>

GRAAD 10 –12 SEUNS & DOGTERS:**Kô, lat ons sing - Deur Adam Small**

Vrinne lat ons die Bybel oepeslaan
 en lat ons daaryt lies –
 o Allahoegste Gies
 lat hierie woorde na onse harte gaan! –
 yt die twiere boek van Mosas
 yt die Exoras
 yt die viere hoofstuk die ee'ste en die twiere verse –
 o God
 maak vi' ons lig moet hierie woorde soes moet kerse! –
 toe antwoord Mosas en hy sê: ma' wat
 as hulle my nie glo, nie aan my woorde vat
 as hulle sê die Here het nie ga-appeaar aan my?
 ma' die Here sê vi' hom: djy sal djou mense lei
 wat's in djou hand?
 en Mosas sê: 'n staf
 nou vrinne
 dit was al wat hy gahad het
 hierie man van God
 'n staf
 'n dooie stok
 en boenop het hy nog gahakkel ok
 ma' die Here het toe lank moet hom gapaat
 oor hoe hy moet daai kierie doodgaslaat
 het die Egiptanaar
 en Mosas het sy groote kop lat hang
 en toe toe
 skielak was daai selfde kierie in sy hand 'n slang!
 nou vrinne
 die Here het gabring
 aan my sy wonnerwerke oek so
 hy het gavra wat's in my hand
 en vrinne
 in my hand was my kitaar
 kô, lat ons sing

GRAAD 10 –12 SEUNS & DOGTERS:**die kind is nie dood nie****(maar Hector Peterson was the first to die)****Deur Fanie Olivier**

hoe sal die boeke van hierna uiteindelik tog
 na hom verwys: hector met die oë wat gloei
 hector alleen buite die mure van sy huis
 moet eensaam op die stofpad sterf: sy rug
 vir oulaas op die vreemdeling gekeer.

soms, snags, kom pla die skim tog
 in my slaap, hoor ek hoe huil
 die amper-kindern.hoe hardloop hulle terug
 met hom en met die wreedste seer.
 dan bo die skote hoor ek hoe sirenes loei.
 hector hector hoe slaap die hand
 van daardie dag vannag: sien hy jou jonglyf
 ruk hoor hy hoe skree die een wat langs jou loop?
 weet hy nou al hoe sag is bloed hoe rooi hoe teer?
 God, glo hy dan nog hy is onsterflik, die taai wit
 waarin sy moeder hom destyds vir selfbehoud kon doop?
 snags word ekwakker in die sweet: loop deur
 die huis, voel elke slot op knip en sit
 die ligte buite aan: my hond slaapswaai sy stert.
 maar in die lug sien ek hoe skerp die sterre brand
 en indieggend,hoekom weet ek nie,hoor
 ek dat alles wel isindie land
 en een ons goud is soveel rande werd.
 dis hollands hollands in die kaap:
 die hakskeen is onaangeraak.
 soms,snags, kom pla die skim
 nou nog alleen nog in my slaap.

GRAAD 10 –12 SEUNS & DOGTERS:**Die beiteljtjie - Deur N.P. Vanwyk Louw**

Ek kry 'n klein klein beiteljtjie,
 ek tik hom en hy klink;
 toe slyp ek en ek slyp hom
 totdat hy klink en blink.

Ek sit 'n klippie op 'n rots: -
 mens moet jou vergewis:
 'n beitel moet kan klip breek
 as hy 'n beitel is –

ek slaat hom met my beiteljtjie
 en dié was sterk genoeg:
 daar spring die klippie stukkend
 so skoon soos langs 'n voeg:

toe, onder my tien vingers bars
 die grys rots middeldeer
 en langs my voete voel ek
 die sagte aarde skeur,

die donker naat loop deur my land
 en kloof hom wortel toe –
 só moet 'n beitel slaan
 wat beitel is, of hoé?

Dan, met twee goue afgronde
 val die planeet aan twee
 en oor die kranse, kokend,
 verdwyn die vlak groen see

en op die dag sien ek die nag
 daar anderkant gaan oop
 met 'n bars wat van my beitel af
 dwarsdeer die sterre loop. ~

GRAAD 10 –12 SEUNS & DOGTERS:**'n Paternoster vir Suid-Afrika - Deur Lina Spies**

Here, laat die name geheilig word
 van al die kinders van die land –
 van hulle
 wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
 dassies skrikgemaak het in sy klowe,
 wol getrap het in sy krale.
 Ek het asemloos toegekyk:
 swart bolywe geboë oor magtelose diere
 en skerp skêre wat my laat wag het,
 bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
 Maar die swart versigtige hande
 het selde dieper as die wit geknip
 en ek kon die lootjies uitdeel
 want die arbeider was sy loon waardig
 volgens die aantal wat hy vrygemaak het
 om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.
 Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
 die wololie van my voete afgewas,
 my bene nie meer lam getrap nie.
 Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
 soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges
 wat nooit binne die kraal was nie,
 wat nooit rietperd gery
 en kaalvoet geloop het nie,
 en Here, sien ons hande aan:
 Kyk, om my wit pols is 'n armband van gras;
 my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
 soos ek nooit kon nie...
 Aan U behoort die land
 en die son
 en die skape van sy weiding
 Gee ons liefdevolle hande, Heer,
 en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed
 dat daar nie onnodig bloed vespil nie
 en deel U self die lootjies uit